Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Samuel

## 1 Samuel 3

*My ma het my baie van die Here geleer. Sy het my Samuel genoem, want sy het my van die Here afgesmeek. Sy het gereeld vir my gesê dat ek 'n geskenk is wat God aan haar gegee het, en dat sy my op die regte tyd weer aan Hom sou teruggee.*

*My eerste ontmoeting met die lewende God laat my nou nog 'n bietjie bloos. Ek het so gesukkel om daardie nag Sy stem te herken! Hy moes drie keer met my praat voor ek besef dit is Hy wat met my praat.*

*God het my die moed gegee om elke keer Sy boodskap te verkondig, sonder om bang te wees vir die gevolge daarvan. God het my 'n betroubare profeet gemaak.*

*Bid saam as gesin.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.*

*Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.*

***Samuel:***

*Kinders: 2*

*Name: Abijah, Joel*

Ouers: Hanna, Elkana

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

# Samuel

Wie was Samuel se moeder?

Wat het God vir Samuel gesê toe Hy die eerste keer met hom gepraat het?

Hoe het die hele Israel geweet dat Samuel gekies is om 'n profeet van die Here te wees?

In die dae van die profeet Samuel, watter volk het die verbondsark gevat?

Wat het Samuel as brandoffer aan die Here gebring terwyl hy vir God gebid het om Israel van die Filistyne te verlos?

Wat het Samuel gedoen toe die volk hom gevra het om vir hulle 'n koning te gee?

Hoe lank was Samuel ‘n rigter oor Israel?

Toe Samuel sterf, waar is hy begrawe?

Nadat Samuel gesterf het, hoe het Saul met hom kontak gemaak?